

# Dié Eenheid

### Die eenheid

Graag gee ek die Eenheid (soos ek dit lees) uit die Skrifte deur. Lees en verstaan dit saam met my deur eksegeese dat VADER en Seun twee aparte wesens is en dat die Gees van VADER nie 'n persoon is nie.

*Jes. 43:10-12 Júlle (JY) is My getuies, spreek ~~die-HERE~~ VADER, en My kneg wat Ek uitverkies het, sodat julle (JY) kan weet en My kan glo en insien dat dit Ek is—voor My is geen God Skepper geformeer nie, en ná My sal daar geeneen wees nie. (YAH dié Kneg van VADER dié eerste en laaste geformeerde).:11 Ek, Ek is ~~die-HERE~~ YAH, en daar is geen Heiland Losser buiten My nie (YAH ons Losser Seun van VADER) :12 Ék het verkondig en verlos gelos en dit laat hoor, en daar was geen ander god onder julle nie; en julle is My getuies, spreek ~~die-HERE~~ YAH, en Ek is God Skepper.*

*Jes. 64:4 Van ouds af tog het niemand dit gehoor of verneem nie, geen oog het 'n God VADER gesien wat werksaam is vir wie op Hom wag nie, behalwe U (M.a.w. net YAH / Seun van VADER ken dié VADER en het Hom gesien).*

*Jes. 49:5 En nou sê ~~die-HERE~~ VADER wat My van die moederskoot af geformeer het om SY Kneg te wees, om Jakob na Hom terug te bring en dat Israel Yashar'EL by Hom versamel mag word—en Ek word geëer in die oë van ~~die-HERE~~ VADER, en My God SKEPPER is My sterkte—*

*Jes. 44:6 So sê ~~die-HERE~~ VADER, die Koning van Israel Yashar'EL en Sy Losser, ~~die-HERE~~ VADER van die leërskaare: Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen God Skepper nie. (M.a.w. eerste gegeneer, eerste uit die dood, ens. Hy is aangestel as Koning en Losser vir ewig)*

*Ps. 2:1-12 Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge? :2 Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen ~~die-HERE~~ VADER en teen Sy Gesalfde (Twee Wesens) en sê: :3 Laat ons hulle (Twee Wesens) bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp! :4 Hy wat in die hemel woon, lag; ~~die-Here~~ YAH spot met hulle. :5 Dan sal Hy hulle aanspreek in Sy toorn, en in sy grimmigheid sal Hy hulle verskrik: :6 Ek tog het my Koning gesalf oor Sion, my heilige reïne berg. :7 Ek wil vertel van die besluit: ~~Die-HERE~~ VADER het aan My gesê: U is My Seun, vandag het Ek self U gegeneer. :8 Eis van My, en Ek wil nasies gee as U erfdeel en die eindes van die aarde as U besitting. :9 U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot. :10 Wees dan nou verstandig, o konings; laat julle waarsku, o regters van die aarde! :11 Dien ~~die-HERE~~ VADER met vrees, en juig met bewing. :12 Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontulam. Welgeluksalig is almal wat by Hom (YAHUSHA) skuil!*

Hand.13:29-37 En toe hulle alles volbring het wat oor Hom geskrywe is, het hulle Hom van die ~~kruihout~~ folterpaal afgehaal en in 'n graf neergelê. :30 Maar ~~God~~ VADER het Hom uit die dode opgewek. :31 En gedurende baie dae het Hy verskyn aan die wat saam met Hom opgegaan het van Galiléa na Jerusalem, en hulle is Sy getuies by die volk. :32 En ons bring julle die goeie tyding van die belofte wat aan die vaders gedoen is, dat ~~God~~ VADER dit aan ons, hulle kinders, vervul het deur ~~J\*sus~~ YAHUSHA op te wek, :33 soos daar ook in die tweede psalm geskrywe is: U is MY Seun, vandag het Ek U gegeneer. :34 En dat Hy Hom opgewek het uit die dode, sodat Hy nie meer tot verderwing sou terugkeer nie, het Hy só gespreek: Ek sal aan julle gee die ~~heilige~~ reine weldade van Dawid wat betroubaar is. :35 Daarom sê Hy ook op 'n ander plek: U sal U-~~Heilige~~ Reine nie oorgee om verderwing te sien nie. :36 Want Dawid het ontslaap, nadat hy sy eie geslag volgens die raad van ~~God~~ VADER gedien het, en is by sy vaders weggeleê en het verderwing gesien, :37 maar Hy wat deur ~~God~~ VADER opgewek is, het geen verderwing gesien nie (Ps.16:10).

Hand. 5:3,9 Toe sê Petrus: Ananías, waarom het die Satan jou hart vervul om vir die ~~Heilige~~ Reine Gees te lieg en van die prys van die grond agter te hou? :9 En Petrus sê vir haar: Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die ~~Here~~ VADER te versoek? (Die Gees van VADER is YAHUSHA) Kyk,....

Heb. 1:1 Nadat ~~God~~ VADER baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun :2 wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. :3 Hy, wat die afskynsel is van Sy ~~heerlikheid~~ lofwaardigheid en die afdruksel van Sy wese en alle dinge dra deur die woord van Sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons ~~sondes~~ oortredinge bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte, (YAHUSHA sit langsaan VADER):4 terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle. :5 Want aan wie van die engele het Hy ooit gesê: U is My Seun, vandag het Ek U gegeneer? en weer: Ek sal vir Hom 'n VADER wees, en Hy sal vir My 'n Seun wees?:6 En wanneer Hy **weer** die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: En al die engele van ~~God~~ VADER moet Hom aanbid. :7 En van die ~~engele~~ boodskappers sê Hy wel: Hy wat van sy boodskappers winde maak en van Sy dienaars vuurvlamme; :8 maar van die Seun: U troon, o ~~God~~ Skepper, is tot in alle ewigheid, die septer van U koninkryk is 'n regverdigse septer; :9 U het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat; daarom het, o ~~God~~ VADER, U ~~God~~ VADER U gesalf met vreugde-olie bo U metgeselle; (VADER salf YAHUSHA bo almal) {Aangehaal uit 'Apollon' se boek 'Hebreërs'}.

Ek gaan nou 'n gedeelte van die Skrif aanhaal wat baie verwerp en noem dat dit 'n invoegsel in die Skrifte was:

*1Jo 5:7,8 Want daar is drie wat getuig in die hemel: die VADER, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een; :8 en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig. 5:9 As ons die getuienis van die mense aanneem—die getuienis van VADER is groter, omdat dit die getuienis is van VADER wat Hy aangaande Sy Seun getuig het. 5:10 Wie in die Seun van VADER glo, het die getuienis in homself. Hy wat VADER nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy die getuienis nie geglo het wat VADER aangaande Sy Seun getuig het nie. 5:11 En dit is die getuienis: dat VADER ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in Sy Seun. 5:12 Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van VADER nie het nie, het nie die lewe nie. 5:13 Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van VADER, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van VADER.*

Dit klink ingewikkeld tog nie. Die drie in die hemel is VADER wat getuig. Die drie op die aarde is YAHUSHA wat getuig. M.a.w. die Seun getuig van VADER en die VADER getuig van die Seun in verse 7 en 8. Vers 9 en 10 is die antwoord waar bevestig word dat VADER getuig oor SY Seun YAHUSHA. Ook kan gesê word dat VADER getuig oor die “vleeslike” en Seun oor die geestelike.

Vir die interessante, Daar is niks op aarde wat nie lewe uit water ontvang het nie; Van 'n insek, dier of die mens moes deur water gegaan het om geboorte / lewe te kon ontvang. YAHUSHA het getuig dat VADER die Gewer is van “Gees, water en bloed”. (1) Dus gebore uit water, (2) Ontvang asem / gees om te kan lewe, (3) Die liggaam het bloed binne hom waarvan die siel in die bloed is. Die dag toe YAHUSHA aan die folterpaal gesterf het, het water en bloed uit Hom gevloei. Dus het Hy lewe geskenk of ons kan sê dat lewe uit Hom gevloei het. Die asem / gees is terug na VADER wat die Skenker daarvan is. Spr.3:19,20; Spr.12:7; Ps.146:4. Laastens: *Joh. 5:32 Daar is 'n ander Een (VADER) wat van My (Seun YAHUSHA) getuig, en Ek weet dat die getuienis wat Hy van My getuig, waar is.* Ek gaan voort.

*Joh. 14:1-9 Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in ~~God~~ VADER, glo ook in My. :2 In die huis van My VADER is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. :3 En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. :4 En waar Ek heengaan, weet julle en die weg ken julle. :5 Thomas sê vir Hom: ~~Here~~ Meester, ons weet nie waar U gaan nie, en hoe kan ons die weg ken?*

Joh.14:6 ~~J\*sus~~ YAHUSHA antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die VADER behalwe deur My nie. :7 As julle My geken het, sou julle My VADER ook geken het, en van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien. :8 Filippus sê vir Hom: ~~Here~~ Meester, toon ons die VADER, en dit is vir ons genoeg. :9 ~~J\*sus~~ YAHUSHA sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die VADER gesien. En hoe sê jy: Toon ons die VADER?

Joh. 14:16,17 En Ek sal die VADER bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: (YAHUSHA bid mos nie vir die volgende persoon binne in Hom om die Trooster te stuur nie, maar uit Hom tot VADER):17 die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.

Joh. 8:54,55 ~~J\*sus~~ YAHUSHA antwoord: As Ek Myself ~~verheerlik~~ loof, is my ~~heerlikheid~~ lofwaardigheid niks nie. Dit is My Vader wat My ~~verheerlik~~ loof, van wie julle sê dat Hy julle ~~God~~ VADER is. (YAHUSHA verwys dat VADER 'n tweede wese buite Hom is.):55 En julle ken Hom nie, maar Ek ken Hom; en as Ek sê dat Ek Hom nie ken nie, sal Ek soos julle 'n leuenaar wees. Maar Ek ken Hom en bewaar Sy woord.

Joh. 20:28,31 En Thomas antwoord en sê vir Hom: My ~~Here~~ Meester en my ~~God~~ Skepper! :31 maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat ~~J\*sus~~ YAHUSHA die ~~Christus~~ Nasaréner is, die Seun van ~~God~~ VADER; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in Sy Naam. Joh. 11:41.42 Hulle neem toe die steen weg waar die oorledene lê. En ~~J\*sus~~ YAHUSHA het Sy oë opgeslaan en gesê: VADER, Ek dank U dat U My verhoor het; :42 en Ek het geweet dat U My altyd verhoor, maar ter wille van die skare wat rondom staan, het Ek dit gesê, sodat hulle kan glo dat U My gestuur het. (Joh.4:23,24; 5:43; 6:37,38,44,65; 8:36; 12:27,28; 13:1; 14:6; 16:25-28,32; 17:1,11; ens.) (Ps.2:7; Hand.13:33; Heb.1:5; 5:5)

Mig. 5:1,3 En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in ~~Israel~~ Yashar'EL sal wees; en Sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid.:3 En Hy sal optree en hulle laat wei in die sterkte van die ~~HERE~~ VADER, in die majesteit van die Naam van ~~die HERE~~ VADER Sy ~~God~~ Skepper; en hulle sal rustig woon, want nou sal Hy groot wees tot aan die eindes van die aarde.

2Pe 1:16-18 Want ons het nie kunstig verdigte fabels nagevolg toe ons julle die krag en koms van onse ~~Here J\*sus Christus~~ Meester YAHUSHA die Nasaréner bekend gemaak het nie, maar ons was aanskouers van sy majesteit;

2 Pet.1:17 want Hy het van ~~God~~ Skepper die VADER eer en heerlikheid lofwaardigheid ontvang toe hierdie stem uit die luisterryke heerlikheid lofwaardigheid tot Hom gekom het: Dit is MY geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. :18 En hierdie stem het ons uit die hemel hoor kom toe ons saam met Hom (Seun YAHUSHA) op die heilige berg was. M.a.w. VADER bo in die hemele en YAHUSHA op die aarde twee "persone"

Mat 3:16,17 En nadat ~~J\*esus~~ YAHUSHA gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom. :17 En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is MY geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.

Jud. 1:4 Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, ~~goddelose~~ bouse mense wat die ~~genade~~ guns van onse ~~God~~ VADER verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, ~~God~~ Skepper, en onse ~~Here J\*esus Christus~~ Meester YAHUSHA die Nasaréner verloën.

Deur goed guns van VADER het Hy ons verbind aan Hom deur SY Seun YAHUSHA. VADER en YAHUSHA is een, soos ons een is met YAHUSHA. M.a.w. eenstemmig, eenheid, Spieël beeld. Seun van die mens beteken: erf reg of erfreg draer. YAH is die erfreg draer. As erfreg draer het YAH baie vir ons teruggegee soos ons Erfreg as kinders. Tit.3:7, Miga.7:18. YAH sê dat Yashar'EL Sy erfdeel is. Wie anders as VADER het Yashar'EL as erfdeel aan YAH SY Seun gegee? Jool.3:2. YAH erf tog nie van Homself nie, Hy het by dié VADER geërf.

Joh 8:25-27 Toe sê hulle vir Hom: Wie is U dan? En ~~J\*esus~~ YAHUSHA antwoord hulle: Net dit wat Ek vir julle sê. :26 Ek het baie dinge om van julle te sê en te oordeel; maar Hy wat My gestuur het, is waaragtig; en Ek, wat Ek van Hom gehoor het, dit spreek Ek tot die wêreld. :27 Hulle het nie verstaan dat Hy met hulle van die Vader gespreek het nie. Sela.

Hoor tog die wat twyfel en bid tot VADER om die verse van bo te open. Daar word gevra: "Wie is U dan"? Dus moet dit 'n Wese buite VADER wees; wat die Seun (YAHUSHA) van VADER moet wees. YAHUSHA noem dat Hy opdrag van VADER die waaragtige ontvang het. YAHUSHA noem ook: "wat Ek van Hom (die VADER) gehoor het". Logies beteken dit tog dat YAHUSHA dit by VADER gehoor het! Die vers sluit om te noem: "Hulle het nie verstaan" Tot vandag word die uitverkore Adamiet met blindheid, onverstaanbaarheid, ens. geslaan. Ha satan het twyfel in ieder en elk se harte gesaai om sy doel te laat slaag.

### Opdrag

Die opdrag is: “soek eers die Koninkryk van VADER” en Sy geregtigheid en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. *Matt.6:33*. YAHUSHA se Koninkryk (*begin in jou liggaam*) is nou van kardinale belang, want wat vir ons verborge was van die tuin van Eden tot op ons Gesalfde is nou geopenbaar. Die hele Ou Verbond tydperk tot op Johannes die dooper het Yashar’EL nie die VADER geken, gehoor of gesien nie. *Jes.64:4* Dit wat ons lees in die Ou Verbond (*Ou Testament*) was YAH tot op Johannes en daarna het YAH as SHA (*Losser*) gekom en VADER aan ons bekend kom stel *Joh.1:18; 3:35; 6:65; 14:6; 15:15; Luk.10:22*.

Die wat die verborgenheid soek moet nou weet dat dit die Koninkryk van YAHUSHA is. Die sleutel om verborgenheid te openbaar is in jou as uitverkore. Kom tot daardie innerlike inkering en ontwaak uit die latentheid. Kom in daardie Koninkryk waar VADER saam met YAHUSHA reeds Koning is *Miga.4:7; 1 Tim.1:17*. YAHUSHA het ons as heersers aangestel wat ons verbeur het vir ‘n lang tyd en wat Hy weer herstel het.

Heerskappy is om te heers oor alles wat jy ontvang het van YAH, en dit is: (1) Eerstens jou sintuie: Oë, beheer dit waarna dit kyk of sien; Mond, wat dit moet spreek of proe; Neus, wat dit moet ruik of snuif; Ore, wat dit moet hoor en luister; Vel, wat dit aanraak, vat of voel; Verwekker, beheer jou sekslewe; Lewe, oor wat aan YAH behoort).

(2) Tweedens is dat die getroude man ‘n dubbele heerskappy ontvang het, want in die tuin van Eden moet hy heers en so ook oor die vrou. Vroue wat in die man wêreld stap en heers is teen YAH. Manne wat toelaat dat vroue hulle heers is teen YAH.

YAHUSHA stel ons as konings aan in Sy koninkryk om te heers waarvan Hy na Sy koninkryke gaan kom. Slegs dié koninkryke van Hom sal in die 1000 jaar van vrede heers. *Matt.24:14; 25:34; Luk.23:43*.

Johannes sê dat ons konings is in daardie Koninkryk wat YAHUSHA aan ons bekend kom stel het en dat ons as koninkryke, oorgegee sal word aan VADER *Open.11:15; 20:6; Joh.14:10*.

Wanneer jy tot Koning YAHUSHA en Sy Koninkryk bekeer leer die skrif ons nou duidelik dat die Koninkryk van VADER nou voorlê en dat jy VADER se Koninkryk slegs uit YAHUSHA sin kan aanskou. *Matt.13:43; 25:34*. Ontdek eers daardie Koninkryk skat in jou en verkoop alles en gaan koop daardie land en gaan werk hard. Wat onthou moet word is dat die Skrifte nie die Koninkryk is nie, want Ha satan praat ook daar in. *Joh.5:39*. Die Skrifte is vol waarhede en riglyne wat ryk is aan die Wet en Verordinerings.

Die Skrif is die boek wat die meeste verkoop word regoor die aarde. Dit is ook die boek wat regoor die aarde die meeste aangeval word. Die Skrifte het dus geen publisiteit meer nodig om homself te verkoop nie.

Ek sluit met die laaste opdrag van dié Gesalfde nl.:

(1) Gaan en maak vir My Dissipels en gaan en verkondig die Koninkryk. *Matt.28:19; Luk.9:60.* (2) Gaan en sê vir hulle: soek eers die Koninkryk en al hierdie dinge sal bygevoeg word (*Skrif studie, doop, ens.*). *Matt.6:33* Nou sodra ons die koningskap verstaan en aanvaar sal YAH na Sy koninkryke toe kom.

YAH Seun van VADER kom heers vir 'n 1000 jaar waarna Hy ons weer gaan oorgee aan VADER se Koninkryk. Baie wil dit vergeestelik (*geestelike Yashar'EL*) om alle volke en kleure in te bring na die voorportaal van Koning YAH se paleis, maar sal dit nie regkry nie. Besef net volk van YAH, die tyd is min, want 'n seuntjie tel ons alreeds. Baie dink dis net van instap, maar min vind daardie deur. So die wat kan hoor, kom; die wat kan sien, kom; die wat kan spreek, kom. Kom volk van YAH die tyd is verby. *Open.16:17; 21:6. Matt.7:14; 11:12; 18:3; 21:43; 22:14; Mar.3:24; Jes.10:19; Joh.5:39-47. Sela!*

Ns.:

Ek sluit af met die laaste gedagte nl.:

(1) Die wat nie verstaan dat YAHUSHA van VADER spreek as 'n tweede Wese nie; (2) Dat die Trooster YAHUSHA was wat VADER gestuur het; (3) Dat dié Gees wat binne in ons is YAHUSHA is; (4) Dat die hele ou Verbond (Testament) net van YAH praat wat werklik YAHUSHA is; hulle sal ernstig op hul knieë moet gaan en vergifnis smeek sodat openbaring kan intree.

Bedink al die dinge vriend